CHOOSE TO HEAR
KIES OM TE HOOR

NUUSBRIEF NO. 3 · NEWSLETTER NR.3

TWINTIG JAAR!!! SOWAAR!!!

Wie sou dit kon dink! Wat 'n wonderlike voorreg om twintig jaar in diens van ons gemeenskap staan. Dit bewys maar net die ou gesegde dat tyd vlieg wanneer mens iets geniet. Dit voel soos gister toe ons, as twee half ervare oudioloë ons deure vir die eerste keer oopgestoot het… En hier is ons twintig jaar later met baie meer ervaring danksy ons lojale kliënte van wie ons so baie geleer het .

Dankie aan al ons pasiënte wat deel geword het van ons familie en ook die pad van twintig jaar met ons gestap het. Mense wat in ons klein praktyk daar op die eerste vloer by ons aangesluit het, wat elke toevoeging van diens of nuwe toerusting saam met ons geniet het en saam met ons bly was toe ons in 2005 na ons nuwe, meer bereikbare perseel kon trek.

Twintig jaar in die bedryf is nie die tyd om op jou louere te gaan rus nie. Nee! Dis die tyd om meer te leer, nuut te dink oor wat die beste vir "ons mense" is. Weer te vra "wat MEER kan ons doen."

Ons onderneming aan u bly dus:

- Ons gaan steeds ons beste diens aan u lewer
- U het steeds 'n keuse uit verskillende handelsname en produkte
- Ons sal steeds ons toerusting opgradeer
- Ons sal steeds "bybly" by die nuutste navorsing
- Ons wil steeds hê dat 'n besoek aan ons vir u 'n aangename ervaring sal wees *(vervolg op bl 2)*

TWENTY YEARS: WHO WOULD BELIEVE?

At Michaelides & Vermaas we realize that the products and services we provide are central to people's lives touching their hearing health and emotional being. We also realize that this creates a unique opportunity for us to make a difference-not just to our clients, but to the broader community as well.

We are therefore committed to putting our resources and skills to work to make a meaningful difference in the lives of the hearing impaired community which we serve everyday.

Our joint initiative with Klerksdorp Rotary has made the possibility of hearing aids for the underprivileged a reality and more accessible. We would like to thank Rotary for coming on board to collect second hand hearing aids which we have successfully donated to those less fortunate than ourselves in our community.

Through initiatives encouraging people to make use of free 'mini-service' and cleaning of hearing aids and earmoulds we are able to ensure the long term maintenance and life of hearing aids is being extended at no extra cost to our clients.

By pooling our manpower we have successfully managed to assist our elderly patients in towns as far away as Bloemhof and Bothaville and brought some accessible assistance to patients in outlying areas who are no longer able to travel to us.

At it's core Michaelides & Vermaas is about making a difference in people's lives and you as our clients have our commitment that in the year ahead we will continue to look for ways in which to make small differences, and big one's, that benefit you and the people who matter to you!

Angela

20ste VERJAARSDAG

OPEDAG UITNODIGING

ELKE WOENSDAG IN SEPTEMBER • TYE: 10:00 - 13:00

- Ons gaan steeds opgewonde raak saam met elke persoon wat weer kan hoor
- Ons gaan steeds emosioneel raak saam met elkeen wat verligting van tinnitus ervaar
- Ons gaan steeds ons gratis skoonmaakdiens aan u lewer
- U gaan steeds gehoorapparate gratis op die proef kan stel

BAIE DANKIE aan

- Elkeen wat in ons geglo het toe ons 20 jaar gelede ons droom begin uitleef het
- Al ons lojale pasiënte vir u volgehoue ondersteuning
- Elkeen wat 'n nuwe pasiënt na ons toe verwys
- Vir u geduld as ons iewers op 'n kursus is (omdat u weet ons kom met nuwe kennis en inspirasie terug)
- Aan elkeen by wie ons iets kon leer
- Dankie vir elke glimlag, drukkie, blom, sjokolade of melktert

Ons is bevoorreg om u te ken

Kom vra u vrae. Kom toets ons produkte gratis uit.

By ons maak u 'n ingeligte keuse. Ons sien uit om u te ontvang

Lenate

GEHOOR EN GESONDHEID

Die kwaliteit van jou lewe kan dramaties verbeter met beter gehoor. Klank is een van die maniere waarop ons in kontak kom met die wêreld om ons. Deur goed te hoor, kan ons met ons geliefdes kommunikeer en in voeling bly met die klanke van die lewe wat ons daagliks omring.

Wanneer iemand met gehoorprobleme slegs 'n deel van 'n gesprek kan uitmaak omdat hy nie altyd spraak kan volg nie, gebeur dit dat die persoon van die gesprek onttrek. So veroorsaak 'n gehoorverlies 'n vermindering van sosiale kontak en 'n inperking van die lewe.

Verder het studies ook getoon dat wanneer 'n persoon gehoorapparate begin dra, hy ongeveer die helfte minder besoeke aan sy dokter bring (dus beter gesondheid) en ook beter sosiale, emosionele en fisiese welbehae ervaar.

Goeie rede om jou gehoor te laat toets? Skakel ons vandag by 018 4686393

EARLY REHABILITATION IS GOOD REHABILITATION

In most cases the loss of hearing is a very gradual process and takes place over many years. As there is no sudden change, people may not be aware of the problem until it is severe enough to cause communication difficulties.

As a result hearing impaired people (and their families) suffer needlessly for years before seeking help. In fact, the family and friends often identify the problem before the sufferer.

The longer a person ignores the problem, the more difficult the adjustment will be when hearing aids are eventually worn. Equally, personal relationships need not suffer when early intervention is available.

Communication is the cornerstone of our society and interpersonal relationships. Effective communication is also an essential ingredient in the quality of our lives. We should aim to enjoy the best quality of life. Acting early to address any hearing difficulties is paramount to success.

GEHOORAPPARATE STIMULEER JOU BREIN



Gehoorapparate laat jou nie net beter hoor nie maar dit help ook jou brein om die klanke wat jy nie sonder jou apparate kan hoor nie, weer te onthou.

Gehoorverlies bekruip jou. Jy kom skielik agter dat jy nie meer die voëlgesang of die dreuning van die yskas kan hoor nie.

Gehoorverlies affekteer jou lewenskwaliteit maar dit affekteer ook jou brein se vermoë om alledaagse klanke te onthou omdat die brein die klanke nie meer ontvang nie. Wanneer die gehoorsenuwees hulle funksie verloor en dus nie meer klank aan die brein stuur nie, "vergeet" die brein mettertyd die klanke en kan dit nie meer verstaan nie.

DIE GEHEUE VERSWAK

Die gehoorsentrum in die brein stoor klanke en geluide vir tot drie jaar nadat die gehoor verswak het. Maar daarna word hierdie geheue swakker en swakker. Dit is dus van uiterste belang om jou gehoor te laats toets sodra jy agterkom dat jy begin gehoor verloor. Dit is verder van uiterste belang om so gou as moontlik gehoorapparate te kry. Sodra jy begin om gehoorapparate te gebruik (en dus beter te hoor) begin jou brein weer om gehoor te prosesseer.

TOETS SELF ONS GROOT VERSKEIDENHEID VAN GEHOORAPPARATE UIT EN ERVAAR DIE VERSKIL! SKAKEL M&V OUDIOLOË VANDAG NOG BY 018 468 8173

LEER OM WEER TE HOOR

Wanneer jy lank uitstel om gehoorapparate te kry, sal die brein aanvanklik nie in staat wees om die inkomende klanke as "verstaanbare" inligting te interpreteer nie. Nou moet die brein selfs klanke soos die dreuning van die yskas weer van voor af leer herken en verstaan. Die brein moet weer leer om te hoor.

As jy enigsins twyfel oor jou gehoor, moet jy dadelik 'n gehoortoets ondergaan.

LISTEN CLOSELY FOR SIGNS OF HEARING LOSS

Hearing loss isn't just an "old folks" problem anymore, it's a big problem for ALL South Africans. Here are some red flags to watch out for:

- Normal voice level conversations are difficult to understand: when hearing damage starts, the first sign is difficulty hearing and understanding normal voice-level conversation and exchanges.
- "Turn it down please!" is your family's national anthem. When hearing starts to go down, volume bars go up. Although for someone with hearing damage, boosted volume levels sounds normal, for their normal-hearing friends and families, it's an excessive amount of noise.
- Telephone conversations sound like "Donald Duck". Without non-verbal cues and lips to read, communicating on the phone becomes increasingly difficult for someone with damaged hearing.
- The ringing in your ears isn't your Bluetooth. Ringing in the ears or tinnitus, isn't always a sign of hearing loss, but the most common cause of tinnitus is hearing loss. If you have a ringing in your ears, see your audiologist right away. Tinnitus is a common first sign of trouble in your ears.

KOM LOER GERUS IN BY M&V OUDIOLOË EN BEPROEF ONS GEHOORAPPARATE VOORDAT U 'N KEUSE MAAK.
SKAKEL ONS VANDAG BY 018 468 8173

GEHOOR VERBIND MENSE

Ons gehoorsintuig is 'n belangrike deel van ons alledaagse kommunikasie. Ons dink selde aan hierdie belangrike rol wat gehoor in ons lewens speel.

Dit is van uiterste belang om die klank van die deurklokkie, 'n baba wat huil of roep of die lui van die wekker te kan hoor. Maar ons lewe se kwaliteit word egter bepaal deur die meer subtiele klanke: die lag van 'n gelukkige kind, musiek of die drup van die reën op die dak.

Geluide kan ook belangrike inligting verskaf: Die klank van ons voetstappe verskaf ruimtelike oriëntering. Die klank van motors maak ons bewus van moontlike gevare op straat. Baie klanke is egter verbind aan ons herinneringe. Dink aan 'n somersdag met voëlgesang of die herfs met die geritsel van die vallende blare.

DIE GEVOLGE VAN 'N GEHOORVERLIES

Mense met 'n gehoorverlies vind selfs 'n eenvoudige gesprek inspannend. Wanneer daar meer mense teenwoordig is of die gesprek meer aandag vereis vereis dit soveel meer aandag en inspanning.

Baie aspekte van die alledaagse lewe word nou al hoe moeiliker: gesprekke met jou geliefdes, vergaderings, telefoongesprekke en TV kyk kan veral uitputtend wees. Dikwels sal persone met 'n gehoorverlies

onttrek omdat kommunikasie te moeilik word en dan sosiaal geisoleerd word. Hierdie isolasie veroorsaak dan dat hulle kwaliteit van lewe al hoe meer ingeperk word.

Studies het getoon dat mense met 'n gehoorverlies wat nie gehoorapparate gebruik nie meer hartseer, spanning en angs ervaar as diegene wat dit wel gebruik. Hulle sosiale aktiwiteite word beperk, hulle word meer emosioneel en ervaar probleme om te konsentreer. Aan die ander kant toon studies ook dat die kwaliteit van lewe 'n dramatiese verbetering toon wanneer hulle gehoorapparate begin gebruik. Hulle beleef beter verhoudinge met die familie, het meer selfvertroue en ervaar beter onafhanklikheid en sekuriteit.

"n Gehoorverlies wat nie aangespreek word nie kan resulteer in fisiese probleme soos uitgeputheid, hoofpyn, duiseligheid en stress. Hierdie probleme word nie altyd deur 'n onbehandelde gehoorverlies veroorsaak nie maar dit word dikwels opgemerk.

As jy 'n gehoorverlies het en jy herken party van hierdie simptome behoort jy so gou as moontlik jou gehoor te laat toets.

SNIPPETS

How will I know I've found the best hearing aid for me?
Simply stated, satisfaction is having your needs, desires or expectations met. Once you know your problems, you can better identify the best hearing aid. Discuss this with your audiologist who will help you make an informed choice.

Motivering by die gebruik van gehoorapparate
Persone wat gemotiveerd is om hul gehoor te verbeter se kans om suksesvolle gehoorapparaatgebruikers te wees is aansienlik hoër. Wanneer hulle met apparate gepas word stel hulle belang in hierdie nuwe tegnologie, vra vrae en is geduldig tydens die aanpassingsproses.

A positive attitude
The most important personality trait that one could possess is a positive attitude, not just toward the process of obtaining hearing aids, but toward life in general. Motivation is a key to finding the best hearing aid. This means a willingness to try out and adapt to hearing aids.

Sound quality
One of the most important aspects of an enjoyable hearing aid experience is that you like the sound quality of hearing aids. You can try different brands and different models and make your choice.

20ste VERJAARSDAG

OPEDAG UITNODIGING

ELKE WOENSDAG IN SEPTEMBER • TYE: 10:00 - 13:00
Besoek en ontmoet ons bekwame span wat gereed sal staan om u tuis te laat voel en alle vrae te beantwoord.

THE CONSEQUENCES OF UNTREATED HEARING LOSS

- Irritability, negativism and anger
- Fatigue, tension, stress and depression
- Avoidance or withdrawal from social situations
- Social rejection and loneliness
- Reduced alertness and increased risk to personal safety
- Impaired memory and ability to learn new tasks
- Reduced job performance and earning power
- Diminished psychological health

HELP JOU GELIEFDE

Familie en vriende van persone met gehoorverlies kom gewoonlik die probleem voor die persoon agter. Moenie dat die gehoorverlies 'n negatiewe impak het op julle verhouding nie. Help jou geliefde en maak vandag nog 'n afspraak vir 'n gehoortoets.

GEHOORVERLIES MAG LEI TOT DEMENSIE

Senior burgers met 'n onaangespreekte gehoorverlies loop 'n groter risiko om demensie te ontwikkel. Meer as een derde van die risiko verbonde aan demensie was verbind met gehoorverlies. Die risiko om Alzheimers te onwikkel word ook groter namate die gehoorverlies groter word (en die persoon nie gehoorapparate gebruik nie).

Daarom is dit baie belangrik om namate jy ouer word, jou gehoor gereeld te laat nagaan.

WARNING AGAINST DIY HEARING CARE

There are risks associated with purchasing over-the-counter, one-size-fits-all hearing aids in stead of consulting an audiologist.

Hearing loss is sometimes a symptom of an underlying medical problem which will be missed if you are not properly tested.

HOE OUD IS JOU APPARATE?

Dit is in ons natuur om ons gehoorapparate so lank as moontlik te dra voor ons dit vervang ten einde die meeste waarde daaruit te kry. Onthou egter dat gehoorapparate mettertyd breek, oorkanale verander van vorm en gehoorverlies verander. Navorsing het getoon dat tevredenheid met apparate die beste is tydens die eerste jaar van gebruik. Na vyf jaar neem die tevredenheid dramaties af.

Tyd vir opgradering?
Maak 'n afspraak en kom toets iets nuuts uit.

CONTROLS ON YOUR HEARING AID?

While most hearing aids are automatic these days, some people need to personally control their hearing aids. Some people need either a volume control, multiple program switch (quiet versus noisy situations) or a remote control to achieve both volume and program changes.

DIE "KLEINSTE" IS NIE ALTYD DIE BESTE

Sommige mense is bekommerd dat "mense die apparaat gaan sien" en wild an die kleinste moontlike apparaat hê. Dit mag egter nie altyd die beste apparaat vir jou gehoorverlies wees nie. Bespreek hierdie keuse met jou oudioloog voordat jy besluit.

DEVELOPING REALISTIC EXPECTATIONS

Be realistic. Hearing aids will not permit you to hear the flapping of hummingbird wings near a jet engine. Remember it takes time to get used to hearing aids. Keep in mind that background noise is almost always part of you environment, and adjustment to it is required. In time you will tune out many of these everyday sounds. Its important not to become disappointed or frustrated while your brain adjusts to a whole new world of sound

JOU ONDERSTEUNING MAAK SAAK!!!

Iemand na aan jou het pas gehoorapparate gekry en moet weer gewoond raak aan baie klanke wat hy vir 'n lang tyd nie gehoor het nie en selfs moontlik vergeet het. Dit neem oefening en geduld om weer aan al die klanke gewoond te raak. Dit is opwindend om "nuwe" klanke te hoor maar kan ook oorweldigend wees. As jy die aard van die gehoorverlies verstaan en wenke ter ondersteuning kry, kan jy jou geliefde help om die wêreld van klank te herontdek.

'N GESKENK VAN GEHOOR

'n paar gelukkige onvangers van gratis gehoorapparate

n Reuse doelwit wat hierdie jaar waar geword het, was om te kon teruggee aan die gemeenskap. Deur die samewerking van die Klerksdorp Rotariërs kon ons heelwat mense wat dit andersins nie kon bekostig,voorsien van gehoorapparate. Dankie Rotariërs, dankie aan elkeen wat 'n gehoorapparaat geskenk het vir die projek. Voorwaar " 'n geskenk van gehoor!!" Ons gaan voort hiermee. As u dus weet van gehoorapparate wat nie gebruik word nie, bring dit vir ons en gee aan iemand die vreugde om weer te hoor.

OPEDAG UITNODIGING

ELKE WOENSDAG IN SEPTEMBER
TYE: 10:00 - 13:00

- Kom besoek ons bekwame span
- Kom vra u vrae
- Kom toets ons produkte gratis uit
- Onder geen verpligtinge

ONS VERANDER LEWENS.

Tel: 018 468 8173
Gehoorsentrum, Centrallaan 42, Flamwood

20ste MV VERJAARSDAG